# STELLENBERG BYBELSKOOL



# ‘n GELOOF WAT GROEI

**Aanbieder. Ds. Marius Breytenbach**

**September 2021**

Stellenberg-gemeente

’n Gemeenskap van mense wat streef om nader aan God en mekaar te leef, uit te reik oor alle grense en voortdurend te vernuwe.

ONS GLO: ***Jesus, ons Verlosser, leef.***

- In die een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
- In Christus, wat deur die geloof en in genade ons Verlosser is.
- In die Bybel: die Woord van God in mensetaal.
- In die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

ONS STREEF: ***Om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense uit te reik –***

- Na mekaar in ons geloofsgemeenskap.
- Na mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap.
- Na mense in ons land en daarbuite.
- Na moederaarde en alle vorme van lewe.

ONS LEEF: ***As getuies / volgelinge van Christus***

- Nader aan God.
- Nader aan mekaar.
- Om ’n verskil in die wêreld te maak.
- Om voortdurend te vernuwe.

# SESSIE 1

**‘n Geloof wat groei**

Tydens die derde kwartaal van 2021 fokus ons in eredienste op ‘n tema wat nou saam hang met Koninkrykstyd in die kerkjaar, naamlik groei.



Die uitdagings van die Covid 19 pandemie het almal van ons se lewens op die een of ander manier diep kom raak. Sommige het geliefdes aan die dood afgestaan, ander se werkomstandighede het ingrypend verander en baie mense leef met ‘n groeiende spanning oor wat die toekoms gaan inhou. Ek dink dat hierdie ‘n ideale tyd is om indringend weer oor jou eie geloof na te dink. Wat beteken dit om vandag jou geloof in God te bely? Hoe raak en verander so ‘n belydenis jou lewe? Verander dit iets in jou? Hoe gemaak as mense binne die kerk verskillende dinge glo, in konflik met mekaar staan en dan medegelowiges van dwaalleer beskuldig? Wat van mense wat op die punt gekom het om van geloof afstand te doen en dit as bevrydend beskryf? Hoe gemaak met geloof as swaarkry en seerkry jou met allerhande vrae oor God gelaat het? Wat is die vrae waarmee jy in hierdie tyd worstel?

In hierdie Bybelskool reeks gaan ons die storie van geloof, soos verwoord in die Bybel en deur die kerkgeskiedenis in Belydenisskrifte, volg. Mag jy in hierdie reis opnuut weer onder die indruk kom hoe die belydenis, “ek glo”, jou help om in hierdie tye ‘n vol en betekenisvolle lewe te lei.

**Uitleg van kursus**

Sessie 1. Inleiding. Geloof en groei.

Sessie 2. Geloof, die verhaal van die eerste generasie gelowiges. Wat het hulle bely? (c. 33-100).

Sessie 3. Geloof, die verhaal van die vroeë kerk (c. 100-1500).

Sessie 4. Geloof, die verhaal van die Reformasie en die Belydenisskrifte (1517).

Sessie 5. Geloof in 2021. Ek glo!

**Geloof en waarheid en die leiding van die Heilige Gees**

In Johannes 8:31-32 spreek Jesus die volgende woorde: “As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak”. Jesus maak in die teks ons bewus dat ons voortdurend in die lewe deur ons navolging van Christus gevorm word tot ‘n dieper insig in God, mense en omstandighede. Net ‘n paar hoofstukke verder in Johannes 16:12-13 brei Jesus daaroor uit as hy die volgende sê: “Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou begryp nie. Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei”.




Wanneer die Bybel oor “geloof” en “waarheid” praat word dit nie as iets staties uitgebeeld wat jy iewers op een slag kry of vind nie. Toe professor Willie Jonker in 1993 oor die Gereformeerde belydenisskrifte geskryf het, het hy juis die gedagte in die titel van sy boek verwoord: “Bevrydende waarheid”. **Geloof is dus iets wat altyd weer bely en her verwoord moet word soos wat die lewe met jou gebeur en God jou in daardie gebeure kom ontmoet**. Die gedagte het my diep getref omdat ons so dikwels geloof omdraai in ‘n soeke na die onsienbare God, eerder as ‘n ontmoeting met God met die lewende Here wat deur tyd en omstandighede my pad kruis. Hierdie waarheid is die grond van die geloof waaroor die Bybel en Belydenisskrifte getuig. Dit vertel van die pyn en vreugdes van gelowiges wat voortdurend in die lewe getuig van hoe God hulle lewens kom raak en verander het.

*Op berge en in dale, en oral is my God; waar ons ook telkemale mag swerwe, daar is God!*
*Waar ons gedagtes swewe of styg, ook daar is God;*
*Omlaag en hoog verhewe, ja oral is my God!*

*Liedboek 509*

Geloof is nie ‘n statiese godsdienstige konsep wat jy kry soos wat jou ouers en grootouers dit deur tyd oorgegee het nie. Dit is eerder ‘n outentieke respons wat by ons opkom soos wat die gebeure van elke dag voor ons afspeel en jy

die lewende Here ontmoet deur die getuienisse van mense, gebed, ‘n studie van die Bybel, gesprekke, kennis en ervaringe. So is die lewende Here voortdurend by ons.

Voordat ons verder gaan is dit baie belangrik om te besef dat terwyl ons dieselfde geloof bely mense hulle op verskillende plekke in hulle geloofsreis bevind. Ek vind dikwels dat wanneer mense oor die waarheid van geloof praat hulle nie daarmee rekening hou nie. Ek vermoed dat baie van die konflik en ongelukkigheid binne die kerk die gevolg is van ‘n gebrek aan insig hierin. Ons gemeente behoort in hierdie opsig ‘n ruimte te wees wat ‘n diversiteit van mense akkommodeer en nooi om saam met die Here en mekaar te reis.

Dit is verder baie belangrik om ook reeds aan die begin van die kursus te besef dat as gevolg van elkeen se unieke omstandighede ons nie almal op dieselfde plek is wanneer geloof te sprake kom nie. Ons is op verskillende trajekte van groei.

*Hier is Christus alles en in almal ... daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees*

*Kolossense 3:11-12*

**Geloof in perspektief**

Die volgende gedagte is bedoel om ons vir ‘n oomblik los te maak van wat ons glo en te kyk na hoe gelowiges in die verlede daarmee omgegaan het. Ek dink dat hierdie stories van geloof ons kan help om aan die begin dieper na te dink oor die omstandighede waarin ons onsself tans bevind.

Ek hoor dikwels mense die opmerking maak dat die wêreld bevolking nog nooit so iets ingrypend soos die Covid 19 pandemie ervaar het nie. ‘n Mens vergeet egter dat gelowiges deur die geskiedenis soortgelyke en selfs groter uitdagings moes hanteer.

- <u>‘n Voorbeeld uit die Ou Testament</u>. Die Babiloniese ballingskap in 586 vC, toe gelowiges in Jerusalem die stad en tempel verloor het en in aanhouding na ‘n vreemde land weggevoer is, was ‘n groot tragedie (lees daarvan in 2 Konings 24). Dit was vir mense wat in God geglo het ‘n groot

ontnugtering. Gelowiges het geoordeel dat die lang tyd van stilte (gebrek aan ‘n profetiese woord) die gevolg was dat God hulle verlaat het of self nie by magte was om hulle te help/red nie. Waarom het God ons verlaat? Daar was geen onmiddellike antwoorde nie en die woorde van hoop (lees Jeremia 29) en insig in foute wat gemaak het, het eers later gekom. Al wat hulle beleef het was die pyn en seer van verlies waaroor die boek Klaagliedere getuig. Die 70 jaar van ballingskap was egter ‘n groot transformasie tydperk in hulle geloof wat gevestigde godsdiens radikaal sou verander. Om na die “goeie ou verlede” terug te keer was buite die kwessie. Lees meer hieroor in Jeremia 29 (let op die gerugte van vals profete wat eerder so gou as moontlik na die verlede wou terugkeer sonder om daardeur verander te word).

- ‘n Voorbeeld uit die Nuwe Testament tyd. Die eerste paar generasie Christene het hulle binne ‘n politieke sisteem (Romeinse Ryk) bevind wat nie die beginsels van hulle geloof ondersteun het nie. Inteendeel hulle is vir ‘n lang tyd hewig vervolg[1]. ‘n Ander uitdagende aspek waarmee gelowiges in die eerste vyf eeue van die vroeë Christelike kerk mee te doen gehad het was die kloof tussen gelowiges en die Joodse tradisie waaruit Christendom gebore is. Lees onder andere die storie van Stefanus se steniging in Handelinge 7, waarna ‘n klomp gelowiges uit Jerusalem gevlug het vir hulle lewens. Hoe hou ‘n mens aan geloof was in die midde van eeue waarin gelowiges se omstandighede dramaties versleg? Dink self vir ‘n oomblik in praktiese terme oor die uitdaging vir jou in die hede waarin jy jouself bevind.

- ‘n Voorbeeld uit ons eie geskiedenis in Suid-Afrika. Ons gaan vir ‘n oomblik by die eerste drie dekades van die 20ste eeu in Suid-Afrika stilstaan en die impak wat dit op ons eie geloof gehad het.

[1] Gelowiges is amptelik van die eerste tot die vierde eeu deur die Romeinse Ryk vervolg. Die Edik van Milan in 313 nC het ‘n einde daaraan gebring toe die beleid van godsdienstige verdraagsaamheid gevolg is.

Oorweeg die volgende omstandighede:

- Die Eerste en Tweede boereoorlog (1880-1881 en 1899-1902) wat die 20ste eeu in Suid-Afrika ingelei het. Tydens die Twee Boere oorlog het na beraming 100 000 mense gesterf (Boere en Britse troepe, konsentrasie kamp sterftes asook nie-blankes). Die nadraai van die oorlog het nog vir etlike jare Afrikaners met 'n wrok in die hart gelaat.



- Tussen 1914-1917 word Suid Afrikaners deur droogtes en vloede geteister.
- Die uitbreek van die eerste die Eerste Wêreld oorlog in 1914. Nie net word die wêreld geskud daar die geweld en lewensverlies van gewapende konflik nie, maar word die oorlog 'n voertuig van 'n veel groter bedreiging; die Spaanse griep wat deur oorlogskepe oor die wêreld versprei word. Suid-Afrika was vierde op die lys van lande wat die ergste deur die pandemie geraak is. Gedurende 1919 sterf sowat 300 000 – 350 000 Suid-Afrikaners in 'n periode van vier tot ses weke (die populasie in Suid-Afrika was in hierdie tyd geskat op sowat 7 miljoen mense - sowat 7% van die bevolking sterf as gevolg van die griep). Onthou dat daar nie in hierdie tyd vir mense hoop was van inentings soos vandag nie. Vergelyk die statistiek met die huidige Covid 19 pandemie waarin sowat 52 000 sterftes in periode van meer as 'n jaar aangeteken is (meet dit aan ons populasie vandag wat op sowat 58 miljoen mense bereken word - sowat 0.0009% van die bevolking sterf in vergelyking met die 7% in 1919).




A cartoon from **Die Burger, 16 October 1918** reproduced in Howard Phillips' ***In a Time of Plague: Memories of the 'Spanish' Flu Epidemic of 1918 in South Africa.***

- Die nadraai van die Spaanse griep dompel Suid-Afrikaners in die Groot Depressie.

- In die midde van hierdie krisis (1920-1930) bars ‘n bom in die NG kerk met die Du Plessis hofsaak (Johannes du Plessis is later as Pienk Piet gedoop vanweë die pienk graniet waaruit ‘n standbeeld van hom gemaak is – dit staan vandag in die Kweekskool op Stellenbosch). Twee verskillende kampe in die NG kerk voer elk hulle eie argumente hoe die Bybel gelees en verstaan moet word. Uit ‘n meer letterlike lees van die Bybel ontstaan ‘n teologie wat die politieke beginsel van Apartheid steun.



- In die 1960’s lei opstande en pro tes teen die regering se apartheidsbeleid tot konflik en lewensverlies.
- In die 1990’s lei ‘n sameloop van omstandighede tot die geboorte van ‘n nuwe Suid-Afrika.



- Sedert 1995 leef Suid-Afrikaners in die smeltkroes van nuwe en negatiewe uitdagings. Wat lê vir ons en wag in die toekoms? Deur al hierdie gebeure word daar elke jaar reg oor Suid-Afrika in NG kerke Pinksterdienste gehou waarin gebid word vir herlewing. Wat is die herlewing wat ons op gehoop?



**Wat is die gedagtes, insigte en vrae wat by jou opkom as jy die afgelope 120 jaar in Suid-Afrika in oënskou neem?**

**Wat sou ons hieruit kon leer?**

**Hoe praat dit met ons oor geloof in vandag se tyd?**

‘n Kern saak wat telkens aktueel blyk te wees is dat geloof nie net van een generasie na ‘n volgende oorgeërf word nie, maar telkens opnuut weer bely moet word. Met ander woorde, geloof word gevorm en groei! (W. Jonker, *Bevrydende Waarheid*). Dit beteken egter nie dat ou geloofswaarhede, soos ons dit in die Bybel en Belydenisskrifte kry, in die agtergrond skuif nie. Inteendeel, dit is juis nodig dat ons daarna kyk om die boodskap daarvan opnuut in ons eie tyd te ontdek.

**‘n Les uit Filippense 3:4-15 vir 2021**

Die meeste volwasse lidmate was bevoorreg om in ‘n godsdienstige omgewing/huis groot te word waarin die Bybel en Belydenisskrifte geleer is. Ons sou dus soos Paulus in Filippense 3  kon roem op ‘n stewige geloof basis. Lees Filippense 3:1-15 noukeurig deur. Wat is die punt wat Paulus hier oor geloof maak?

Ons kan nie ons geloof alleen bedryf op die insigte van ‘n goeie teologie (leer) nie. Geloof kry juis betekenis waar die lewe en praktiese geestelike dissiplines soos die lees en studie van die Bybel, gesprekke met mekaar en daaroor, gebed en nadenke, ons saamwees/deel wees van eredienste (dit speel ‘n baie belangriker rol as wat ons dink – wat dan van die aanlyn weergawes?). Dit staan egter ook nie los van die insigte wat die wetenskap bring en redelike denke nie[2].

[2] Later meer hieroor wanneer ons gaan kyk na wat Artikel 2 van die Nederlandse geloofsbelydenis sê oor die wyse waarop ons God ken.